# EKSAMENFOKUS

*Mej J C Klopper (TOD - Onderwysburo)*

(U kommentaar oor hierdie artikel word ingewag — *Red.*)

**DIE POLITIEKE SPOTPRENT AS NIE OPSTELTIPE VRAAG**

In die heel eerste uitgawe van GISTER EN VANDAG (Jaargang 1 nr. 1, April 1981) is besondere aandag geskenk aan die plek van die politieke spotprent in die aanbieding van Geskiedenis in die klaskamer. In sy artikel: "Die implementering van die politieke spotprent in die onderrig van Geskiedenis" het mnr. D.J.R. Truter die gebruikswaarde van die spotprent, die voor en nadele en probleme rondom die spotprent, kriteria vir die uitsoek van geskikte spotprente en enkele riglyne ten opsigte van die interpretering van die spotprent bespreek. Verder het hy aan die hand van voorbeelde nuttige wenke ten opsigte van die praktiese gebruik van die spotprent in die klaskamer in die vorm van 'n Gesiedenisles verstrek. In dieselfde uitgawe het mnr. C. Wright, in die rubriek EKSAMENFOKUS, onder andere die politieke spotprent as nie-opsteltipe vraag onder die vergrootglas geplaas. Verder klink die stemme van klaers en kritici van die politieke spotprent gereeld op, wat wil wegdoen met die spotprent omdat dit 'n te moeïlike of onredelike manier van vraagstelling is of omdat die vraagstelling mank gaan aan talle gebreke en die spotprent dus nie werklik die doel dien wat hy veronderstel is om te dien nie.

In hierdie artikel gaan daar slegs aan enkele geldige punte van **kritiek** teen die spotprent as nie-opsteltipe vraag aandag gegee word in die vorm van **kommentaar**; **sekere weneke** ten opsigte van moontlike vraagstelling aan die hand van voorbeelde voorgestel word en **voorstelle** gedoen word in verband met die nodige leiding wat onderwysers kan neem ten einde leerlinge so te onderrig dat hulle later self met die nodige bedrewenheid spotprentvrae kan beantwoord.

**KRITIEK**

I. "Dikwels kan die vrae oor 'n bepaalde spotprent beantwoord word sonder om die spotprent te raadpleeg". Met ander woorde *die spotprent dien eintlik geen doel by die betrokke vrae nie*, want die antwoorde op die vrae hoef nie afgelei te word uit die leidrade in die spotprent nie.

II. "Spotprente verteenwoordig die opinie van 'n spotprenttekenaar oor 'n bepaalde gebeurtenis. 'n Spotprenttekenaar benader die probleem uit 'n bepaalde ideologiese perspektief. Dit is dus nie noodwendig 'n historiese feit nie". Met ander woorde *'n spotprent is nie 'n objektiewe voorstelling van 'n bepaalde gebeurtenis, insident of situasie nie.* Kan daar van 'n leerling verwag word om so 'n voorstelling raak te interpreteer wel wetende dat dié voorstelling nie noodwendig altyd histories feitlik die korrekte weergawe van 'n spesifieke gebeurtenis is nie?

III. 'n Spotprent wat in 'n vraestel ingesluit word, *word nie altyd sorgvuldig genoeg geselekteer* in die sin dat daar seker gemaak word dat die leerstof in al die goedgekeurde handboeke, soos deur die sillabus voorgeskryf, aan die leerlinge die nodige agtergrond of inligting verskaf om dié bepaalde spotprent korrek te interpreteer nie.


"Die indruk bestaan dat leerlinge nie die selfvertroue het om vrae aan te pak wat interpretering van spotprente vereis nie. *Moontlik lê die probleem by die wyse van probleemstelling.*"

"Dit is geen geheim dat in die meeste gevalle die spotprente nie deur die onderwysers vertolk kan word voordat hulle insae in die memorandum gehad het nie."

**I. KOMMENTAAR**

*Die eerste punt van kritiek* naamlik dat *die spotprent baie dikwels eintlik geen doel dien by die betrokke vrae nie*, is heeltemal geldig. 'n Voorbeeld (spotprent en vrae) ter illustrasie hiervan word hier aangehaal uit 'n seniorsertifikaat-eksamenvraestel van Transvaal, Standaardgraad, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1982, vraag 5.1):

*Vraag 5.1 — Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg:*




Vrae: (*)

1. *Watter twee politieke leiers word deur A en B voorgestel?* (2)

2. *Noem DRIE faktore wat tot samesmelting van die SAP en NP in 1934 aanleiding gegee het.* (3)

3. *Noem TWEE fundamentele sake waaroor die leiers van die SAP en NP ooreengekom het om te mag verskil, ten opsigte van samesmelting* (2)

4. *Watter politieke party het in Natal as gevolg van samesmelting tussen die SAP en NP ontstaan?* (1)

5. *Wie was die leier van hierdie nuwe party?* (1)

6. *Noem DRIE redes waarom dr. D.F. Malan teen samesmelting gekant was.* (3)

7. *Watter politieke party was die amptelike opposisieparty in die Parlement na die samesmelting?* (1)

8. *Noem TWEE politici in die Vrystaat en/of Transvaal wat as gevolg van die samesmelting saam met dr. D.F. Malan van genl. Hertzog weggebreek het.* (2)

9. *Wat was die naam van die party wat uit die samesmelting tussen die SAP en NP ontstaan het?* (1)

10. *Na watter land word verwys as die "old home country"?* (1)

*Totaal: 17 punte*

(**Let wel:** ***Die datum - 1934 - op die tregter, en die simbole A en B, is deur die eksaminator op die spotprent aangebring in belang van die vraagstelling.)***


Dit is in werklikheid slegs vrae 1 en 10 waarvan die antwoorde afgelei kan word uit die leidrade wat in die spotprent aangebring (geteken) is. Die res van die vrae (2-9) kon sonder die spotprent gestel word.

**WENK**

Dieselfde spotprent kan aan die hand van die volgende vrae meer effektief gevra word in dié sin dat die antwoorde op die vrae afgelei moet word uit die leidrade in die spotprent. Op hierdie wyse kan die spotprent ingespan word om feitekennis, maar veral die insig van die leerlinge te toets asook sy vermoë om te dink en om 'n probleem te kan oplos deur sy kennis toe te pas.

(**Let wel:** ***Die spotprent word nou nie van 'n datum voorsien nie, en die vraagsteller het die drie bottels op die spotprent onderskeidelik 1, 2 en 3 genommer in belang van die vrae wat gestel word.)***

**BESTUDEER DIE SPOTPRENT EN BEANTWOORD DIE DAAROPVOLGENDE VRAE:**




Vrae: (**)

1. Aan *watter twee leiers* behoort die twee hande wat op die spotprent voorgestel word? Dui ook aan *wie se hand watter botel vashou.* (2)
2. Die *groottes* van bottel 1 en bottel 2 verskil — waarop dui dit? (2)
3. Watter regering was *voor* hierdie samesmelting in Suid-Afrika aan bewind? — Watter regering was na hierdie samesmelting aan bewind? (Motiveer). (3)
4. Gee 'n datum vir hierdie spotprent. (1)
5. Na *watter land* verwys die woorde "Old Home Country"? (1)
6. *Watter bewoording* sou op die etiket van die groot bottel (nr 3) aangebring moes word indien dit van *'n wit etiket* voorsien was soos by bottels 1 en 2? (1)
7. Die bewoording op die groot bottel (nr 3) lui: Die "Old Home Country" Eerste (1)

   *Watter bewoording* moes eintlik op die bottel aangebring word indien alles sou verloop het soos wat aanvanklik ooreengekom is?
8. Die spotprettekenaar *voorspel* iets in hierdie spotprent.
   8.1 *Wat* voorspel hy? (1)
   8.2 Is hierdie voorspelling *raak*? (m.a.w. het, wat hy voorspel het, waar geword?) (Motiveer). (2)
9. Die feit dat die *"twee strome"* vloeistof *"een"* word in die tuit van die tregter en so as "een" stroom of nuwe vloeistof in die groot bottel val, slaan terug op 'n standpunt van één van die twee persone wat besig is om die tregter te vul.
   9.1 Wie is hy? (1)
   9.2 Wat het hy met die woorde "twee strome" word "een" bedoel? (2)

**VOORSTELLE**

Dit is vir hoërskoolleerlinge nie altyd maklik om 'n spotprent reg te "lees" en korrek te interpreteer nie. Leerlinge is selfs skrikkerig om die spotprentvraag te kies, omdat hulle nie weet hoe om dié soort vraag aan te pak nie.

Dit is dus nodig dat leerlinge geleer moet word hoe om die spotprentvraag te benader. Om 'n spotprent te kan interpreteer is as't ware 'n vaardigheid wat aangeleer moet word. Hoe meer oefening leerlinge daarin kry, hoe meer behendig of vaardig sal hulle daarmee raak.

Alvorens die vrae wat gestel is beantwoord word, kan die spotprent aan die hand van **3 stappe** "ontleed" word.

**Stap 1:**

*Bestudeer* alle gegewens of detail op die gegewe spotprent. Besondere fyn waarneming is nodig. In die spotprent wat as voorbeeld dien, lyk die besonderhede so:

- Daar is twee bottels (gevul met vloeistof) wat gelyktydig omgekeer word en leeggemaak word in 'n tregter.
- Die tregter se tuit is ingedruk in die nek van 'n derde (nr. 3) en veel groter bottel as die twee wat leeggemaak word in die tregter.
- Op die tregter is die bewoording SAMESMELTING aangebring.
- Die twee kleiner bottels, wat leggemaak word in die tregter:

- word elkeen vasgehou deur 'n hand, in albei gevalle is dit 'n regterhand;
- die linkerkantste bottel (nr. 1) is effens kleiner as die regterkantste bottel (nr. 2);
- die linkerkantste bottel (nr. 1) is voorsien van 'n wit etiket waarop die bewoording SAP BEGINSELS staan; en
- die regterkantste bottel (nr. 2) is voorsien van 'n wit etiket waarop die bewoording NASIONALE BEGINSELS staan.

— Die derde bottel is nie van 'n wit etiket voorsien soos die ander twee bottels nie, maar het wel die bewoording DIE "OLD HOME COUNTRY" EERSTE op die bottel.

**Stap 2:**

*Omkring* die leidrade (dit is alles wat geteken of geskryf is en wat iets simboliseer of aantoon) naamlik:

- twee hande (regterhande)
- twee kleiner bottels (nr. 1 effens kleiner as nr. 2)
- twee wit etikette met hulle onderskeie bewoordings
- tregter plus bewoording
- derde of grootste bottel plus bewoording.

**Stap 3:**

*Interpreteer die leidrade.*

- *twee regterhande:*

  *Dit dui daarop dat dit twee verskillende persone is wat onderskeidelik besig is om bottels nr. 1 en 2 in die tregter leeg te maak. Daar kan in hierdie stadium nog nie met sekerheid besluit word wie se hande dit is nie, want daar moet éérs besluit word watter samesmelting in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika hier te sprake is.*

- twee kleiner bottels:

  *Die bottel met die NASIONALE BEGINSELS (nr. 2) is effens groter as die bottel met die SAP BEGINSELS (nr. 1). Met ander woorde die Nasionale Party moes in die stadium waartydens die gebeurtenis wat hier voorgestel word, afgespeel het, sterker gestaan het (of 'n groter party gewees het) as die Suid-Afrikaanse Party.*

- tregter:

  *Die tregter laat die vloeistof uit die twee bottels één word, met ander woorde die NASIONALE BEGINSELS en SAP BEGINSELS vorm in dié stadium een vloeistof of nuwe vloeistof of 'n nuwe stel beginsels.*

- die bewoording SAMESMELTING:

  *Samesmelting is 'n politieke term en dit kan ook verband hou met die begrip samewerking. Na watter samewerking verwys hierdie spotprent?*

  *Redenasie:*

  — *Dit kan nie die Pakt (1923) wees nie, want dit was 'n verkiesingsooreenkoms of 'n besluit om saam te werk tussen die Arbeiderparty en die Nasionale Party en dit is die SA Party en die Nasionale Party wat hier te sprake is.*

  — *Dit kan ook nie die koalisie van 1933 wees nie, want hoewel dit die SA Party en die Nasionale Party was wat betrokke was by die koalisie, was dit slegs 'n ooreenkoms ten opsigte van samewerking in een regering. Daar het ook geen samesmelting by koalisie van die twee genoemde partye plaasgevind nie.*

  — *Dit kan ook nie die samesmelting van 1920 wees nie, want dit het plaasgevind tussen die Unioniste en die Suid-Afrikaanse Party.*

  — *Die enigste alternatief wat oorbly, is die samesmelting in 1934 tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party.*
  *(met ander woorde, die hande behoort aan genls. Hertzog en Smuts onderskeidelik van die NP en die SAP)*

- derde bottel:

  *Dié bottel stel dus die nuwe party voor wat ontstaan het uit die samesmelting tussen die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party, daarom is dit 'n soveel groter bottel.*

- Die bewoording: "OLD HOME COUNTRY"

  — *Die Engelse woorde "Old Home Country" dui baie duidelik op Brittanje. Die Britte verwys na Brittanje as hulle "Home".*

  — *Verder klink die woorde DIE "OLD HOME COUNTRY" EERSTE bekend. Dit is 'n variasie op die tema van genl. Hertzog se leuse SUID-AFRIKA EERSTE.*

Die *antwoorde* op die *vrae***

1. Genl. J.C. Smuts — (nr. 1) SAP Beginsels
   Genl. J.B.M. Hertzog (nr. 2) Nasionale Beginsels
2. Die Nasionale Party was voor samesmelting in 'n sterker posisie aangesien sy leier, genl. Hertzog, die eerste minister was. As leier het hy die omstandighede wat samesmelting voorafgegaan het (m.a.w. die koalisie) grootliks uitgespel. Sy party het in die stadium van samesmelting groter aanhag geniet as die Suid-Afrikaanse Party (setels by 1929-verkiesing: NP 78 — SAP 61).
3. Dit was dieselfde regering met genl. Hertzog as eerste minister en genl. Smuts as adjunk-eerste minister. Dit was die koalisie-regering wat vanaf Mei 1933 regeer het en wat na samesmelting in Desember 1934 in der waarheid voortgegaan het om te regeer, al verskil wat gekom het is dat die twee partye wat verteenwoordig was in die regering nou saamgesmelt het en dat die naam verander het na die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party-regering of V.P.-regering.
4. 5 Desmber 1934.
5. Brittanje.
6. Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (of V.P.)-beginsels.
7. — Suid-Afrika Eerste — By samesmelting is hierdie leuse deur almal aanvaar as een van die beginsels van die nuwe party wat gevorm is.

8.1 Hy voorspel dat die Britse belange deur hierdie samesmelting gedien gaan word.

8.2 Ja, die voorspelling word waar wanneer Suid-Afrika in 1939 tot die Tweede Wêreldoorlog toetree.

9.1 Genl. J.B.M. Hertzog.

9.2 Met samesmelting het genl. Hertzog geglo dat sy tweestroombeleid geslaag het. Met ander woorde dat die tyd volgens hom ryp was om die twee blanke taalgroepe voortaan in één stroom te laat saamvloei.
("Daar bestaan syns insiens (Hertzog) twee tale en kulture in Suid-Afrika, en hulle moes in afsonderlike bane vloei, elk met behoud van sy eie taal, kultuurgoedere, aard, lewenswyse en karakter en met respek vir dié van die ander op

volkome gelyke basis, totdat hulle in die toekoms, wanneer die jong Afrikanerkultuur sterk genoeg sou wees, in één baan van 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme kon saamvloei.")

Die volgende vraag dien as voorbeeld van die feit dat vrae wat oor spotprente gestel word, *soms alternatiewe antwoorde* kan hê wat as korrek aanvaar kan word indien die nodige aanvaarbare motivering verstrek word.

Vraag:

- Watter vorige of eertydse eerste minister het hierdie ideaal van samesmelting gekoester?
- Wat is hierdie ideaal genoem. (Motiveer).

*Antwoord 1:*

*Genl. Louis Botha —*

*Sy beleid van konsiliasie of versoening (sy eenstroombeleid). Dit was sy ideaal dat 'n Suid-Afrikaanse gees van nasionale eenheid en selfstandigheid deur hegter aaneensluiting en samewerking ontstaan. Die Afrikaans- en Engelssprekendes moes hulle verskille van die verlede vergeet en met mekaar saamwerk.*

*Antwoord 2:*

*Genl. J.B.M. Hertzog.*

*Die verwesenliking van sy tweestroombeleid wat uiteindelik één moes word wanneer die tyd daarvoor ryp was. Hy het geglo dat Afrikaans- en Engelssprekendes uiteindelik in een baan van S.A. nasionalisme moes saamvloei.*

## II. KOMMENTAAR

Die tweede punt van kritiek naamlik dat *die spotprent nie 'n objektiewe voorstelling van 'n bepaalde gebeurtenis of insident is nie*, en dat daar vanuit die politieke perspektief van die spotprenttekenaar of vanuit die standpunt van die hoofredakteur van die koerant waarvoor hy teken, geskets is, kan omseil word deur hierdie probleem in die vorm van 'n vraag aan die leerlinge te stel byvoorbeeld:

Vraag:

(a) Het die spotprenttekenaar *enige geloof* in hierdie samesmelting?

(b) Wat sou die *aard* van sy *politieke oortuiging* wees? (m.a.w. vanuit watter politieke perspektief teken hy?) (Motiveer).

*Antwoord:*

*(a) Nee, anders sou hy "Suid-Afrika Eerste" op die derde bottel geskryf het. Die bewoording "Die 'Old Home Country' Eerste" rym nie met die hele gedagte agter samesmelting soos wat dit uitgespel is in die beginsels nie. Die spotprenttekenaar vertoon juis sy wantroue in samesmelting op dié manier. Die bewoording op die derde bottel is die element van spot in die spotprent. Hy dryf die spot met die sogenaamde nuwe beginsels in die nuwe bottel.*

*(b) Hy teken vanuit die politieke oortuiging van die groep wat teen samesmelting gekant is, m.a.w. die opposisie. Dit is nie duidelik tot watter politieke party of groep hy behoort nie, dit kan die Dominioniete of Gesuiwerde NP wees, maar dit kan nie uit die spotprent afgelei word nie. Dit is dus voldoende om te skryf dat hy tot die opposisie-groep behoort.*

'n Positiewe eienskap van 'n goeie politieke spotprent is dat dit baie duidelik vir of teen 'n bepaalde saak of standpunt is "it is a 'black and white' judgment" —. Leerlinge moet in staat kan wees om te besluit watter saak ter sprake is en of die spotprenttekenaar vir of teen die bepaalde saak is.

## III. KOMMENTAAR

Die derde punt van kritiek naamlik dat spotprente nie altyd sorgvuldig genoeg geselekteer word in die sin dat daar seker gemaak word dat die leerstof wat tot die leerlinge se beskikking is, voldoende inligting bevat ten einde hulle in staat te stel om die spotprent te kan interpreteer nie; asook die klag t.o.v. feit die groot probleem by die wyse van probleemstelling lê, word baie goed geïllustreer deur die volgende voorbeeld (spotprent en vrae) uit die St. 10 Seniorsertifikaat-eksamenvraestel van Transvaal, Hoër Graad, Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1980, vraag 7 D:

Vraag 7 D

Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae:

21 Januarie 1961 Dr Verwoerd (Eerste Minister)



Dr T.E. Dönges
(Minister van Finansies)

"...en nou maak hy gereed vir die vervyfskop..."

Vrae:

1. Na watter grondwetlike verandering in Suid-Afrika verwys hierdie spotprent? (1)
2. Skryf 'n paragraaf oor wat die spotprenttekenaar uitbeeld, as een van die belangrikste binnelandse invloede wat die Suid-Afrikaanse regering beweeg het om in 1960 hierdie grondwetlike verandering te maak. (10)
3. Wie was die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake in 1960? (1)

Totaal (12) punte

- 'n Leerling kan onmoontlik met sekerheid aflei wat die eksaminator van hom verwag.
- Bo en behalwe die feit dat die tweede vraag baie vaag is, is dit slegs vraag een wat betrekking het op die spotprent.
- Hierdie voorbeeld (veral vraag 2) illustreer die kritiek van mnr. Wright naamlik dat selfs onderwysers dikwels nie die spotprente kan interpreteer alvorens hulle insae in die memorandum gehad het nie.
- Daar word nie deur korrekte vraagstelling verwag dat daar intepretasie geheg word aan definitiewe leidrade soos byvoorbeeld die kroon wat as bal dien, die idee rondom die vervyfskop, die datum, dr. Dönges se betrokkenheid ens. nie.

Onderwysers en eksaminatore het dikwels die probleem om 'n geskikte spotprent oor 'n bepaalde afdeling of tema te vind. Wanneer die soektog na so 'n spotprent onsuksesvol is, word daar gegryp na 'n minder geskikte spotprent wat min of meer handel oor die saak wat die vraagsteller in gedagte het en dan word die spotprent letterlik "gedwing" om by die vrae wat daaroor gestel word, te pas. So ontstaan die dwaling dat die eksaminator meer in 'n spotprent lees as wat die werklike bedoeling van die kunstenaar daarmee was.


**WENK**

Indien die eksaminator 'n sekere gebeurtenis, situasie of insident in gedagte het waaroor hy graag 'n vraag aan die hand van 'n spotprent wil stel en hy slaag nie daarin om sy hand op so 'n spotprent te lê nie, verhoed niks hom om 'n spotprent te ontwerp en te laat teken oor dié onderwerp wat hy in gedagte het en waaroor hy die vrae wat hy wil vra, kan stel nie.

Die volgende spotprent dien as voorbeeld van voorafgaande wenk:

(Die eksaminator het vooraf besluit om leerlinge se kennis en insig t.o.v. die hele kwessie rondom die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in die S.A. politieke geskiedenis aan die hand van 'n spotprentvraag te toets. Daar is vooraf besluit watter vrae min of meer gestel kan word. Die samestelling van die spotprent en wat alles op die spotprent uitgebeeld moet word, is vooraf bedink en beplan en toe is 'n kunstenaar opdrag gegee om die hele idee in beeld te omskep).

2. 2.1 Wie staan met gekruisde arms op die stoeptrappie (1)
   2.2 Aan watter versoek het die Goewerneurgeneraal, wat langs hom staan, nie toegegee nie? (1)
   2.3 Watter rede het die Goewerneur-generaal vir sy standpunt verstrek? (1)
   2.4 Wie was dié Goewerneur-generaal? (1)
   2.5 Watter pos in die landsregering sou die persoon waarna vraag 2.1. verwys, voortaan beklee? (1)
   2.6 Watter onmiddellike opdrag het hy van die Goewerneur-generaal ontvang? (1)
3. 3.1 Na watter stemming (wie stem) verwys die koerantplakkaat op die spotprent? (1)
   3.2 Gee meer besonderhede i.v.m. hierdie stemming deur aan die volgende sake aandag te gee:
      3.2.1 Vir watter twee standpunte is daar gestem? (2)
      3.2.2 Watter aantal stemme het watter standpunt behaal? (1)
      3.2.3 Dui aan wie die leier was van watter standpunt. (2)
4. 4.1 Watter vroeëre gebeurtenis in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika het ook met hierdie gebeurtenis skade gely? (1)
   4.2 Watter twee Europese moondhede se belange het verband gehou met die gebeure wat op die spotprent uitgebeeld is? (2)




Vrae:

1. 1.1 Wie is die man wat wegstap? (1)
   1.2 Watter gebeurtenis in sy loopbaan as politikus word deur hierdie "wegstap" gesimboliseer? (1)
   1.3 Watter groot "flater" (of standpuntinname) ten opsigte van die internasionale politiek, het hy direk voor die gebeure wat in die spotprent uitgebeeld word, begaan, wat ook aanleiding gegee het tot hierdie "wegstap"? (1)
   1.4 Watter onmiddellike uitwerking het hierdie gebeure binne Afrikaner-geledere gehad? (1)

   4.3 Watter implikasies het hierdie gebeure vir Suid-Afrika op buitelandse gebied gehad? (1)

Totaal: 20 punte.

---

**Bronne:**

Dale, E: **Audio-Visual Methods in Teaching.** Holt, Rinehart and Winston, Inc., U.S.A., 1969, pp. 512 - 515.

Ivins, William M. Jr., **Prints and Visual Communication.** Cambridge: Harvard University Press, 1953, p. 148.